

# 16

## ANDER MENSE IS OOK DEEL VAN DIE KERK

# Filippus en die Etiopiër

### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat ons altyd getuies vir die Here moet wees.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

- Die kinders moet weet 'n getuie van die Here moet ander mense van die Here vertel.

##### **Gesindheid**

- Die kinders moet graag 'n getuie van die Here wil wees.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- vertel wat 'n mens van die Here kan sê.
- die verhaal van Filippus en die Etiopiër kan vertel.

#### **MEER INLIGTING (Handelinge 8: 26-40)**

In die Bybel lees ons dat die Here Homself deur woorde en dade aan mense bekendmaak. Die Here doen dit omdat Hy vir mense lief is. Hy wil hê mense moet versorg, veilig en getroos voel, want Hy voorsien ons van alles, verlos ons van die sonde en bly elke dag by ons. Omdat die Here so goed is, sal mense tot bekering kom en in Hom glo. God gebruik ons wat reeds sy groot liefde ken om met ander daarvoor te praat sodat hulle ook tot geloof kan kom.

Dit is wat in Handeling 8 se verhaal gebeur. Ons lees van 'n man uit Etiopië wat in Jerusalem gaan aanbid het omdat hy die Joodse geloof aangeneem het. In Jerusalem het hy gehoor van alles wat gebeur het rondom die persoon van Jesus. Hy was besig om die beskikbare Skrifte te lees in 'n poging om die Woord van die Here beter te verstaan.

Die wonderlike wat ons in die verhaal lees, is dat die Here hom nie los in sy soeke nie. Hy stuur deur sy Heilige Gees vir Filippus, 'n prediker in Samaria, om die Etiopiër op die verlate pad te ontmoet en die evangelie aan hom te verkondig.

In die verhaal sien ons dat Filippus gehoorsaam was aan die Here en ver reis om met die Etiopiër te gaan praat. As 'n mens daaraan dink dat al die moeite gedoen word om net een man wat nie verstaan nie te gaan help, lyk dit vir ons heeltemal onnodig. Hierdie stukkie geskiedenis wil ons daarop wys dat elkeen vir die Here belangrik is. Ons mag nie een geleentheid laat verbygaan om iemand van Jesus Christus te vertel nie.

Die gehoorsaamheid van Filippus het verreikende gevolge gehad: Die Etiopiër kon na sy land terugkeer en die evangelie van Jesus daar gaan verkondig. So versprei die evangelie van Jesus oor die wêreld en word baie mense gered.

Hierdie verhaal wil ons inspireer om elke geleentheid aan te gryp om 'n getuie vir Jesus te wees. Al lyk dit soms vir ons onbelangrik, moet ons moeite doen om die evangelie aan almal te verkondig. Dit is elkeen wat in Jesus glo se verantwoordelikheid om in gehoorsaamheid aan Hom met woord en daad 'n getuie vir Hom te wees.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Afskrif vir jou van die breinkaart wat deur die kinders in hulle boeke voltooi moet word.
- Gekleurde penne of kokipenne.
- Vir die kompetisiewenners by IETS OM TE DOEN elk 'n lekkertjie of iets anders.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 528: 1 as 'n gebed.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –  
U, Pottebakker, met my, die klei.  
Vorm my en maak my volgens u wil;  
op U vertrou ek, nederig stil. Amen.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

As jy na 'n lekker naweek by die skool kom, wil jy tog gou vir iemand vertel wat alles gebeur het. Jy het dus iets geniet en wil dan iets daarvoor doen. Net so behoort ons vir almal te vertel van die goeie dinge wat die Here vir ons doen. Omdat God jou versorg en miskien gehelp of vertroos het, moet jy vir iemand anders daarvan vertel. God se opdrag is om die evangelie vir alle mense regoor die wêreld te gaan vertel. Jy weet mos nog wat evangelie beteken? Dit is die goeie nuus dat Jesus vir ons sonde gesterf het. Nou is ons vergewe. Hy is uit die dood opgewek. Nou kan ons ook vir ewig lewe. Ons moet vir almal gaan vertel dat dit met ons gebeur het.

Gee vir 'n paar kinders geleentheid om te vertel watter goeie dinge al met hulle gebeur het. (Lei die kinders in hulle gesprek om in te sien dat God alles vir ons gee wat goed is.)

## IETS INTERESSANT

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en vertel hoe elkeen van ons soos Filippus vir almal van Jesus behoort te vertel. Sorg dat die onderstaande feite beklemtoon word.


- Die Here het ons lief – ons moet deur woord en daad daarvan getuig.
- Mense moet versorg, veilig en getroos voel by die Here.
- Mense moet weet die Here het ons van ons sonde verlos.
- Hulle moet weet Hy het opgestaan uit die dood en Hy laat ons ook opstaan.
- Hierdie goedheid van die Here kan mense tot bekering bring.
- Die Here gebruik ons om ander na Jesus te lei.
- Filippus is 'n voorbeeld hiervan.
- Filippus het vir 'n Etiopiër van Jesus gaan vertel.
- Alle mense is vir die Here belangrik – selfs een enkele vreemdeling.
- Deur Filippus se werk het die goeie nuus oor Jesus in 'n ver en vreemde land uitgekóm.
- Dit is ons almal se verantwoordelikheid om oral vir Jesus te lewe.

## IETS BELANGRIK

**Skerp hierdie feite in:**

- Die Here het vir Filippus gestuur om die Etiopiër van Jesus te leer.
- Die Bybel leer ons ook wie Jesus is en wat Hy vir ons doen.
- Ons het iemand nodig om vir ons te verduidelik wat in die Bybel staan.
- Dit wat ons van Jesus geleer het en glo, moet ons met ander mense bespreek.
- Daar is baie verskillende geleenthede om oor Jesus te praat.

## IETS OM TE DOEN



- Deel die klas in twee groepe, so ver moontlik gelyke hoeveelhede uit elke graad.
- Behandel die breinkaart hierbo met die kinders.
  - Haal dit af.
  - Hou 'n kompetisie.
- Laat hulle as groep die blanko breinkaart in hulle boeke bespreek.
- Laat hulle gekleurde penne of koki's gebruik om die breinkaart in hulle boeke te voltooi.
- Sit weer jou breinkaart op.

- Laat hulle tel hoeveel hulle reg het.
- Laat hulle korreksies aanbring.
- Laat die kinders ook die volgende opdrag in hulle groep voltooi:

O Verbind die feite in A met dié in B wat daarby pas:

| <b>A</b>  | <b>B</b>  |
|---|---|
| Gehoorsaamheid aan God het goeie gevolge.                                     | Filippus het na God geluister, en die Etiopiër is gered.                      |
| Vir God is alle mense belangrik, al is jy 'n vreemdeling op 'n afgeleë pad.   | Dit maak nie saak wie jy is nie, vir God is jy belangrik.                     |
| God stuur vir ...   | Filippus en ons almal word na mense gestuur wat Jesus nog nie ken nie.        |
| In die Bybel maak God Hom deur woorde en dade bekend.                         | God wil ons versorg, veilig en getroos laat voel omdat Hy ons liefhet.        |
| Die Etiopiër het in Jerusalem gaan aanbid, want hy was van die Joodse geloof. | Hy het in die Jode se Bybel van 'n verlosser gelees en wou meer van Hom weet. |

- Laat hulle tel hoeveel hulle reg het.
- Tel elke groep se punte bymekaar en kondig die wenner aan.
- Deel die wenners se presente uit.

## **BY DIE HUIS**

- Maak seker dat elke graad onthou om Les 15 se werk ook te doen.
- Laat hulle die volgende tuis gaan doen.

### **DOEN**

- Hulle moet Handeling 8: 26-40 gaan lees.
- Hulle moet by die skool uitvind of daar 'n kind is wat nie vir Jesus ken nie en ook nie aan 'n kerk behoort nie. Vra jou ouers of jy die kind kan saamnooi kerk toe volgende Sondag. Hoor by die kind en sy of haar ouers of hy of sy in die toekoms saam met julle eredienste en kategese mag bywoon.
- Die klasse moet altyd gereed wees om nuwe kinders te akkommodeer.

### **AFSLUITING**

Sluit af deur Gesang 528: 2 en 3 te bid.

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;  
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.  
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:  
As ek dan swak is, maak U my sterk.  
U gee u gawes net soos U wil;  
almal is diensbaar, elk met verskil.  
Vul met u Gees my, breekbare kruik,  
dat U my oral nuttig gebruik. Amen.*